# Die Geestelike Wêreld Deel 4:
# Die Evangelie en
# die gode van die nasies

**(Psalm 82:1-4)** God staan in die vergadering van die gode; in die teenwoordigheid van die gode lewer Hy uitspraak: “Hoe lank gaan julle nog onregverdige beslissings vel, nog partydig wees vir die goddelose? Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red;

**(Psalm 82:5-8)** Hulle weet nie en verstaan nie; hulle loop rond in duisternis: al die fondamente van die aarde wankel. Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste — nogtans sal julle sterwe soos mense, en soos een van die vorste sal julle val. Staan op, o God oordeel die aarde, want U het besitreg oor al die nasies.

**(Matt 4:8-9)** Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

**(Psalm 2:8-10)** Vra My, en Ek gee vir jou nasies as erfporsie, die einde van die aarde as jou besitting. Met ’n ysterstaf sal jy hulle stukkend slaan, soos ’n kleipot hulle verpletter.” Wees nou verstandig, o konings! Wees gewaarsku, regeerders van die aarde!

**(Gen 11:4-5)** Toe sê hulle: “Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. **Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie**.” Die Here het afgekom om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir hulle gebou het,

**(Gen 11:7-9) Kom laat Ons** afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.” Die Here het hulle toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en hulle het opgehou met die bou van die stad. Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, **en van daar af het Hy die mense oor die hele aarde verstrooi**.

**(Deut 32:8-9)** When the Most High gave to the nations their inheritance, **when he divided mankind**, he fixed the borders of the peoples **according to the number of the sons of God**. But the **Lord ’s portion is his people, Jacob his allotted heritage**.

**(Deut 29:26)** en hulle ander gode gaan dien en hulle daarvoor neergebuig het, gode wat aan hulle nie bekend was nie, en **wat Hy hulle nie toebedeel het nie,**

**(1 kor 2:7-8)** Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie.

**(Matt 28:18-19)** Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "**Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels**: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en

**(Hand 2:3-6)** Hulle het iets soos vuur gesien **wat in tonge verdeel** en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.

**(Hand 2:7-12)** Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? Perse, Mediërs en Elamiete, Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte, Libië om Sirene, Rome, ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.” Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?”

# TOT VOLGENDE KEER

GAAN WEES 'N GETUIENIS VIR ONS HERE JESUS CHRISTUS